# Die verhouding 'kerk en volk' in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: 'n terreinverkenning

A D Pont
Universiteit van Pretoria

Abstract
Church and nation 1835-1900: A survey

The question of the relationship between church and nation is the subject of this historical investigation. Initially, the situation in the Cape colony in the period 1625-1800 is discussed, as well as the emergence of the Afrikaner nation. After the Great Trek and the establishment of Afrikaner republics in the north, church and nation accross the Vaal encompassed the same people. Through the teaching of the *Nadere reformatie*, a mainly theocratic society was built and maintained till the war of 1899-1902.

## 1. INLEIDING

Die vraag na die plek van die kerk as geloofsgemeenskap in die wêreld is 'n saak wat al dikwels aandag gekry het; net so die vraag na die plek van die volk van God in die volkerewêreld. Een van die belangrike uitsprake wat in hierdie saak moet geld, is die skerp onderskeid wat in Matteus 3:9 gemaak word tussen die volk van God en die natuurlike volk. Bekend is ook die uitspraak van 1 Petrus 2:11 dat die gelowiges in die wêreld soos vreemdelinge en bywoners is. Dit word in die tweede eeu weer onderstreep deur die *Brief van Diognetos* wat stel: 'Die Christene woon in hulle vaderland, maar dan soos gaste; hulle besit burgerregte, maar bly tog nog vreemdelinge. Elke vreemde plek is hulle tuiste. Elke tuiste is vir hulle soos 'n vreemde plek. Hulle vertoef op aarde maar hulle lewe in die hemel.'

Hierdie soort uitsprake kom voor solank die gelowiges 'n vervolgde minderheid in 'n oorwegend heidense wêreld is. Dan is onttrekking uit die wêreld die normale.

* Referaat gelewer tydens die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 20 November 1990.

'n Hele omwenteling, ook in die Christelike denke, kom na vore in die vierde eeu wanneer die Christendom eers toegelate godsdiens word en dan staatsgodsdiens van die Romeinse ryk. Dan word Christene verantwoordelik vir die staatsbestuur en word die samelewing volgens Christelike norme en waardes ingerig. Dan word die vraag na die verhouding tussen kerk en volk, volk van God en die volkere al meer ingewikkeld.

In die sestiende eeu, wanneer die kerkhervorming ook reageer teen die Middeleeuse, supra-nasionale struktuur wat 'n deel van die erfgoed uit die Romeinse tyd verteenwoordig, kom die vraag na die verhouding tussen kerk en volk weer na vore. Dié vraag word dan bemoeilik, omdat dit saamgaan met die vraag na vryheid en verdraagsaamheid (Scholl 1976:14v).

In Calvinistiese Nederland lei die denke daartoe dat die Staaten-Generaal van die sewe verenigde provinsies in 1651 die gereformeerde kerkstaat proklameer (De Visser 1926:287-288). Vanuit hierdie staat het die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in 1652 'n verversingspos, ter wille van sy handelsvlote, aan die suidpunt van Afrika gestig. Die verversingspos groei al verder uit en word so die bakermat van die Afrikanervolk. Die laat loot uit die Dietse stam word gebore in 'n wêreld waar die grense van kerk en volk, geloofsgemeenskap en landsburgers saamval. In daardie situasie kan daar hoogstens tussen kerk en volk onderskei word.

Tog is daarmee nog nie alles gesê nie, veral as die materiële samehang van kerk en volk 'n oomblik van naderby beskou word. Dit is juis by die omskrywing van die begrippe 'kerk' en 'volk' waar die werklike inhoud en grense van die begrippe bepaal moet word. Dan blyk dit dat in die historiese situasie dit nie so maklik is om die sigbare verskille aan te toon nie.

Die begrip 'volk', wat vir 'n groot deel 'n na-Middeleeuse begrip is, se verstaanswortels lê al baie verder terug in die geskiedenis. Hier kan egter 'n paar aanduidings gegee word. Die bekende Latynse kerkvader Augustinus (354-430) wat in sy denke nogal deur Cicero beïnvloed is, gebruik die begrip 'volk' in sy *Civitas Dei* en in ander geskrifte sonder dat hy 'n aparte verhandeling daaraan wy (Gennrich 1972:27). As sy opvattings hieroor opgesom word, dan kan gestel word dat vir Augustinus die boustene van 'n volk die gesin ên die familie is. Deur die saamtrek van gesinne, families en verwante groepe, word 'n organiese op bloedverwantskap gegronde volkseenheid gevorm. Dié organiese geheel word deur verskillende verdere gemeenskaplikhede saamgebind soos 'n samehorigheidsgevoel, 'n gemeenskaplike betrokkenheid by die sake wat hulle liefhet, gemeenskaplike waardes en doelwitte waaronder die handhawing van reg en geregtigheid belangrik geag word (Gennrich 1972:27-28). So gesien is daar vir Augustinus 'n stoflik-organiese en 'n geestelike band wat die volk saambind.

In die sestiende eeu is dit veral Martin Luther wat die Middeleeuse *Corpus-Christianum*-denke met sy supra-nasionale klemtoon, afbreek en weer klem lê op die betekenis en bestaansreg van die afsonderlike volke (Scheell 1934:64). Vir Luther is die volk hoofsaaklik 'n taal- en kultuurgemeenskap en dit is vir hom 'n werklikheid wat deur God daar gestel is (WA 31/1:193:30). 'n Volk is vir Luther 'n natuurlike verband, dit is deel van God se ordening maar nie deel van die skepping nie (vgl WA 30/3.290).

Ook Calvyn het nie veel meer as sydelingse verwysings na die begrip 'volk' nie. Vir hom is die skepping van 'n Christelike gemenebes in Genève 'n Skriftuurlike eis en dit word nie deur natuurregtelike oorwegings bepaal nie. Omdat die kerk, die gedoopte en gelowige volk van God wat op die basis van die genadeverbond bestaan, ook die geheel van die stadsburgery omvat, is Calvyn se aandag meer gerig op die owerheid asook sy regte en pligte ten opsigte van die kerk en volk (Avis 1981: 138). Tog onderskei Calvyn tussen 'kerk' en 'volk' omdat die grense van die kerk deur die geloof of die belydenis bepaal word en dié van die volk nie. Volk en kerk, burgery en geloofsgemeenskap kan wel onderskei word maar nie geskei nie (Inst IV 20.1-10).

Vanuit die Calvinistiese denke, wat medebepaal word deur die opvattings van Beza en Knox, kom in Nederland die gereformeerde kerkstaat na vore wat as 'n samevatting van die Calvinistiese erfgoed gesien word. Dit is in hierdie dinkwêreld waar die Afrikanervolk gebore word en waar die kerk en sy prediking 'n belangrike rol speel in die vorming van die denke en kultuur van die volk.

Samevattend sou die definisie van Coertze (1982:4) aangehaal kan word waar hy stel: '[D]it is die besit van 'n gemeenskaplike kultuur wat van 'n groep mense 'n volk maak. 'n Volk en kultuur kom gesamentlik deur 'n groeiproses tot stand en om hierdie rede ag ons 'n volk 'n besondere organiese eenheid.'

As die begrip 'gemeenskaplike kultuur' ook die godsdiens insluit, is dit 'n omskrywing wat vir die doel van hierdie studie bruikbaar is. As die definisie op die Afrikanergemeenskap in die Kaapkolonie aan die begin van die negentiende eeu toegepas word, dan is die Afrikaner al 'n volk. Daar moet egter bygevoeg word dat die sentrum en die periferie nog nie skerp omlyn is nie. Dit sou in die voortgaande botsing tussen die jong volk en die Engelse imperialisme, wat vanaf 1806 'n permanente vastrapplek in Suidelike Afrika kry, al duideliker bepaal word.

Wat die begrip 'kerk' betref – die geloofsgemeenskap van die gedoopte gelowiges – word die omskrywing daarvan in die NGB (art 27-32) en in die HK (S 21) aangetref Daaruit word dit duidelik dat die kerk 'n Christologiese sentrum èn betrokkenheid het (art 27) terwyl die grense van die kerk deur die inhoud van die geloof bepaal word (art 29).

Hier kan in gedagte gehou word dat in die vroeë vormingsjare van die Afrikanervolk die begrip 'kerk' as aanduiding van die gedoopte en gelowige volk van God nog in die spoor loop van die NGB (art 27-32), omdat die jong volk aan die Kaap in betreklike isolasie bestaan het en hulleself kerklik-organisatories as 'n onderdeel van die kerk in Nederland beskou het. Selfs hulle eie bestaan as 'biologiese' volk was nog betreklik omdat die band met Nederland volledig gegeld het. Dit blyk onder andere daaruit dat die laat agtiende-eeuse Patriot-beweging aan die Kaap nie gestreef het na republikeinse onafhanklikheid nie, maar na die loskom van die VOIC as die landsowerheid. Met die politieke veranderinge van die jare 1795-1806 en die daarmee saamgaande herstrukturering van die gemeenskap en alles wat daaruit voortgevloei het, het die verhouding van die kerk en die volk verander, óók omdat die inhoude van dié begrippe verander het. As op die veranderinge gelet word, is dit nogal opvallend dat in die situasie self nie altyd skerp onderskei is tussen kerk en volk nie en dat die onderskeidings dikwels nogal naïef hanteer is.

## 2. DIE WORDINGSJARE VAN DIE AFRIKANERVOLK

Gedurende die eerste 150 jaar van die Afrikaner se geskiedenis het die kerk en volk saam gegroei. Die VOIC het nie alleen die ritme van die lewe bepaal nie maar ook, kragtens sy *ius patronatus*, gesorg dat die kerk sy omlynde staanplek in die gemeenskap gehad het. Die 'conservatie van de publycque geloof' was immers deel van die VOIC se opdrag. Dit het beteken dat die Nederlandse Calvinisme, wat wel iets anders was as die teologie van Calvyn (Muller 1987:14) die godsdienstige stempel op die gemeenskap geplaas het. Die Nederlandse Calvinisme self was ook nie meer 'n enkelvoudige beweging nie, want in die sewentiende eeu ontstaan daar reaksieverskynsels teen die heersende Calvinistiese ortodoksie wat dan al meer in die rigting van 'n ortodoksisme neig. Van dié reaksieverskynsels het die Nadere Reformasie met sy na binne gerigte vroomheid en sy klem op die geloofservaring en die heilsekerheid van die enkeling seker die sterkste aanhang in Suid-Afrika verwerf. Die basiese Calvinistiese ordestruktuur van die gemeente het egter dieselfde gebly.

Na buite was daar pogings vanuit die kerk om duideliker tussen die owerheid en die kerklike regering te onderskei. Die pogings het egter nie veel sukses opgelewer nie, omdat die owerheid sy seggenskap nie wou prysgee nie. Daar kan egter met Murray (1947:169) saamgestem word as hy die situasie aan die einde van die agtiende eeu so saamvat: 'Die langdurige stryd vir 'n eie kerklike regering het die begrippe van gedesentraliseerde plaaslike bestuur, die onafhanklikheid van korporatiewe bestaan binne die staat, denkvryheid, geloofsvryheid en vryheid van handeling, reg tot meningsuiting, tot vergadering en bespreking, individualisme en verwante beginsels by die volk verskerp.'

Hoewel die kerklike vergaderings met allerlei uitsprake nie 'n bepalende rol in die gang van sake gespeel het nie, het die prediking en die kerklike praktyk 'n belangrike vormende rol in die Afrikaner se denke gespeel en ook 'n duidelike Christelike en etiese stempel op die Afrikanergemeenskap geplaas. Naas die kerk was daar ook ander invloede wat ingewerk het. Die denke van die Kaapse patriotte toon reeds, voor die koms van die Engelse oorbeersing, dat begrippe soos 'vryheid', 'vaderland', 'volk' en 'die stem van die volk' nie onbekend is nie en gesien kan word as uitdrukking van 'n opkomende Afrikaner-nasionalisme (Beyers 1969:30). Die patriot-begrippe is deur die Afrikaner egter nie net so oorgeneem soos dit in die Nederlandse patriot-beweging, wat weer vanuit Frankryk beïnvloed is, gegeld het nie. In Suid-Afrika ontwikkel die begrippe ander inhoude as die oorspronklike sekulêre, rasionalistiese en selfs anti-kerklike inhoude wat dit oorspronklik gehad het.

Tot aan die einde van die VOIC-bewind in 1795 met die eerste Engelse besetting van die Kaap, bly die verhouding tussen kerk en volk min of meer konstant, hoewel, as gevolg ook van die invloed van die patriotte, word die begrip 'volk' as aanduiding van die politieke liggaam, duideliker omlyn en gepresiseer.

Die Bataafse bewind van 1803-1806 bring in die verhouding 'kerk-volk' nogal verandering, veral omdat De Mist se ordonnansie om die kerklike sake in die kolonie te reël, die NGB-begrip 'kerk' as die gedoopte en gelowige volk van God 'n ander inhoud gee en die kerk nou veel eerder verstaan as 'n genootskap, 'n vrywillige vereniging volgens die opvattings van Hugo Grotius, Samuel Pufendorf en ander. Die kerk, soos die begrip algemeen in die Calvinistiese teologie verstaan is, word nou omskryf as 'Kerkgenoodschappen, welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen...' (Provisioneele Kercken ordre 1803, art 1). Nou word ook die Lutherse kerk erken en 'n staanplek in die gemeenskap gegee. Op grond van hierdie reëling van De Mist het die kerk van die jare 1652-1803 in 1824 homself as 'n kerkgenootskap, De Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, georganiseer met 'n Algemeen Reglement wat sy orde bepaal het. Die reëlings wat deur De Mist getref is, het met die finale Engelse oorname van die Kaapkolonie in 1806 voortgeduur sodat daar nou ook Engelse kerkgenootskappe saam met die Engelse owerheid en sy immigrante aan die Kaap gevestig is. So gebeur dit dat die kerk, dit wil sê die gedoopte, gelowige volk van God, reeds betreklik vroeg in die negentiende eeu vervang word deur 'n veelheid van kerkgenootskappe waar die genootskaplike beginsel die strukture bepaal.

Net so het die koms van die Engelse owerheid en Engelstalige koloniste die begrip 'volk', wat tot op daardie tydstip feitlik dieselfde was as die geheel van die burgerlike gemeenskap, meer problematies gemaak. Met die poging om die Afrikaner te de-nasionaliseer, wat na 1814 veral deur Lord Charles Somerset vaart gegee is,

het die druk van die verengelsingspoging 'n belangrike rol gespeel om veral die Afrikaner van die oostelike en noord-oostelike grensdistrikte bewus te maak van sy identiteit en het dit die pogings van die Afrikaners daar om hulleself as 'n eiesoortige taal- en kultuurgroep te handhaaf, versterk (Van Jaarsveld 1966:35-37).

Met die Groot Trek word die Afrikanervolk verdeel in 'n suidelike koloniale en 'n noordelike republikeinse groep. Die verdeling het nie net op politieke en kulturele vlak die aanvanklike eenheid versteur nie, maar dit het ook na die kerklike vlak deurgewerk. Maar tog bly daar nog bepaalde gemeenskaplike uitgangspunte oor, soos byvoorbeeld dat die volk niks anders as 'n Christelike volk sal wees nie. Tiperend daarvan is dat die patriot-beweging nie daarin kon slaag om die begrip 'volk' los te maak van sy kerklik-godsdienstige betekenis-inhoud nie. Daarvoor was die teokratiese denke soos gedra deur die geskrifte van die *oude schrijvers* te sterk en is die volk nie anders verstaan nie as die gedoopte en gelowige volk van God wat deur die genadeverbond in 'n besondere verhouding met God geplaas is. Vandaar dat die vryheidstrewe van die grensboere, die soeke na 'n eie, nuwe vaderland deur die Voortrekkers en die poging om die eie identiteit te handhaaf so dikwels gesien is as 'n parallel van Israel se uittog uit die slawehuis van Egipte. Opvallend is dat die *Herderlijken Brief* van die Kaapse sinode van 1837 wat die Groot Trek veroordeel het, juis daardie opvatting by name veroordeel het (vgl Pont 1978). Die *Herderlijken Brief* toon enersyds aan hoe die predikante van die Kaapse kerk wat vir hulle traktemente van die Engelse goewerneur afhanklik was, nie die gees en opvattings van die Voortrekkers kon verstaan nie. Terselfdertyd het die *Herderlijken Brief* die Voortrekkers gedwing om 'n eie kerklike organisasie op te rig, los van die Kaapse kerkgenootskaplike struktuur.

As die situasie aan die einde van die agtiende eeu so besien word, kan saam met Coertze (1982:74) aanvaar word dat die Afrikaner as 'n eie volk met 'n eie taal, kultuur, mensopvatting en lewensbeskouing wat bepaal en gekleur is deur hulle Christelike godsdiens, dan reeds bestaan. Dit was 'n nasionale reaksie teen die koloniale de-nasionaliseringsproses wat die grensboere uit die noordelike en noordoostelike grensdistrikte gedwing het om die kolonie te verlaat om vryheid en 'n nuwe vaderland te soek (vgl Retief-manifes, in Van Jaarsveld 1971:54-55). Die Afrikanervolk in die vroeë dertigerjare van die negentiende eeu het dan reeds 'n sodanige sentrum en periferie dat die Afrikanervolk aan sy grense hom afgrens enersyds teen die Engelstalige volksdeel in die Kolonie en andersyds teen die anderskleuriges in die Kolonie en op die Koloniale grense. Dit is dan egter ook duidelik dat die verhouding met die anderskleuriges enersyds as gelowiges, vanweë die sending, en andersyds as heidene nog nie 'n deurdagte saak is sodat daar van 'n gemeenskaplike opvatting sprake is nie. Dit sou te ver voer om die verskillende stand-

punte ten opsigte van kerk en volk in Afrikanergeledere en die verhoudings met die ander kerke en volke langs die Afrikaner hier ook nog na te gaan.

## 3. DIE VOORTREKKERTYDPERK 1835-1852

Hoewel die Voortrekkers wat in die dertigerjare die Kaapkolonie verlaat het, 'n minderheid van die Afrikanervolk was, het hulle hulleself as 'n onafhanklike, vrye volk beskou. As sodanig het hulle hulle 'maatschappij' georden en 'n vaderland gesoek. In hierdie tyd het die kerk 'n ondergeskikte rol gespeel en die eerste twee Voortrekker-predikante, Erasmus Smit en na hom Daniel Lindley, het in die gemeenskap nie prominente leiersrolle gespeel nie. Aan die ander kant was dit so dat ál die Voortrekkers lidmate van die kerk was (Pont 1989:656-658) en dat die meeste nie alleen hulle Bybels nie, maar ook die *oude schrijvers* redelik goed geken het. Waarskynlik daarom is dit so dat die ordereëlings wat in die Voortrekker-gemeenskap aanvaar is, dié by Blesberg in 1836 (Pretorius, Kruger & Beyers 1937:13-14) en dié by Vetrivier in 1837 (Pretorius, Kruger & Beyers 1937:14-16) die Christelike karakter van die gemeenskap beklemtoon. In die Natalse reëling wat na die dood van Retief opgestel is (Van Jaarsveld 1971:7) word gestel dat die 'Raad van Representanten van het volk' moet toesien 'dat in deze Maatschappij de Hollandsche Gereformeerde Kerk ten alle tijden geprotekteerd zal worden, en erkend blijven voor de hooftkerk derzelve'.

Waarskynlik vanweë die belangrike rol wat à Brakel se *Redelijke godtsdienst* in hulle denke gespeel het, is sy formulerings gebruik wat aanduiding is van die verbond-kontrakverhouding tussen owerhede en onderdane. Hierdie verhouding was tipies van die Calvinistiese teokratiese denke (Pont 1986:53-60). Selfs in die Ohrigstadse maatskappy waar die oordrewe demokratiese opvattings soos verteenwoordig deur Steph Maritz en J J Burger, die botoon gevoer het (Van Jaarsveld 1966:45-46), is die posisie van die kerk verskans. Dit bly merkwaardig omdat die negentiende eeu, in navolging van die agtiende eeu, dié periode is waar die sekulêre of neutrale staat na vore kom waar die posisie van die kerk verlaag word tot dié van 'n vrywillige vereniging.

Die voortduring van die teokratiese opvattings moet grotendeels daaraan toegeskryf word dat die Voortrekkers en hulle onmiddellike nasate vashou aan die opvattings en lering van die Nadere Reformasie waar die teokratiese opvattings, binne die breër struktuur van die genadeverbond beklemtoon word.

Die Voortrekkergemeenskap is in hulle soeke na 'n eie vaderland nie deur die uitbreidingsdrang van die Engelse imperialisme met rus gelaat nie. As Engeland op 17 Januarie 1852 die onafhanklikheid van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier erken, is Natal reeds in 1843, en die gebied tussen die Oranje en Vaalrivier in

1848, geannekseer. So is die oorspronklike eenheid van die noordelike Afrikaners versteur en dit word beklemtoon deur die feit dat op 2 September 1850 die gemeentes in Natal en die Oranjerivier Soewereiniteit in die Ring van Transgariep saamgevat en deel van die Kaapse kerkgenootskaplike struktuur gemaak is.

Die Transvaalse Afrikaners het hulleself na 1852 pertinent as 'n onafhanklike en vrye volk beskou (Potgieter & Theunissen 1938:110) en ook die verskil in opvatting en lewensuitkyk tussen hulleself en die Afrikaners in die Engelse Kaapkolonie raakgesien. Juis dié onderskeid het die afstand tussen die kerk in die Oorvaalse en die Kaapkolonie beklemtoon. Die feit dat die predikante van die Kaapse kerk dan nog steeds van die Engelse goewerneur afhanklik is vir hulle traktemente en werkkringe, het in die Transvaal nie onopgemerk verbygegaan nie. So het die Groot Trek ook wat die Afrikanervolk betref, 'n verdelingslyn getrek wat die eenheid van die volk en die kerk geskaad het.

## 4. DIE PERIODE 1852-1880 IN DIE NOORDE

Wanneer gehandel word oor die verhouding 'kerk en volk' in die Oorvaalse gedurende hierdie periode, is dit duidelik dat die kerklike ampsdraers en vergaderings nie 'n belangrike leiersrol speel nie. Die polities-staatkundige probleme, die wedywering van die verskillende leiersfigure en die botsings tussen die regionaal-politieke groepe oorheers die tydperk. Die spanninge tussen die regionaal-politieke groepe van Wes-, Oos- en Noord-Transvaal is in 1849 met die totstandkoming van 'n 'vereenigde band van het geheel maadschappij' enigermate getemper en dit maak die Sandrivier-konvensie in 1852 moontlik. Maar die twis oor die struktuur en bevoegdhede van die owerheidsliggame is daardeur nie opgelos nie omdat die Volksraad, wat tegelyk die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag was, nie in staat was om die middelpunt-vliedende elemente te beheer nie (Pelzer 1950:153-155).

Hoewel die onafhanklikheid van die kerk in die Oorvaalse gehandhaaf word in 1853 en die inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerkgenootskaplike struktuur deur sowel die Algemene Kerkvergadering as die Volksraad verwerp word (Storm 1989:119-127), was die samebindende krag van die kerk nog nie sterk nie. 'n Enkelvoudige vraag in 1854 of 'n eie predikant vir die Oos-Transvaalse groep beroep kan word, laat die smeulende politieke spanning opvlam. Die uiteinde daarvan is die totstandkoming van 'n eie republiek in Oos-Transvaal wat kerklik dan 'n ander pad as Wes-Transvaal gaan.

Die kerk het egter, deur sy ampsdraers en vergaderings, getrag om tog 'n ordenende en samebindende faktor te wees. In die herderlike skrywe van 1855, *Eene stem uit Mooirivier*, sê die Algemene Kerkvergadering (Engelbrecht 1953:159): 'Gij die met ons treurt over de ongelukkige twisten en verdeeldheden, die Kerk en Staat

verontrusten, houdt goeden moed. Wij wenschen de eenheid des geests door den band des vredes te behouden; wij trachten de waarheid en de liefde aan te kweeken; wij benaarstigen ons vrede en eendragt te bevorderen en al datgene te doen wat strekken kan tot heil van Kerk en Staat.'

As gelet word op hierdie formulerings wil dit voorkom asof die Algemene Kerkvergadering die woordjie 'kerk' gebruik in die betekenis van die NGB (art 27-32). Daarteenoor is dit duidelik dat die kerkgenootskaplike opvatting van die kerk veel meer in Lydenburg gebruik word. Dit is egter duidelik, ook by die bestudering van die bronne-materiaal, dat die begrip 'kerk' dikwels gebruik word sonder 'n duidelike inhoudsbepaling en dat dit in baie gevalle nie dui op die gedoopte, gelowige volk van God nie, maar eerder op die genootskap, die vrywillige vereniging.

Die Lydenburgse politieke en kerklike afskeiding het tog positiewe gevolge gehad. Wes-Transvaal, onder leiding van M W Pretorius was nou in staat om in samewerking met Noord-Transvaal, 'n grondwet vir die Zuid-Afrikaansche Republiek op te stel. Hoewel dit ook nie sonder stampe en stote geskied het nie, is in 1857-1858 'n grondwet aanvaar. In 1860 het die regionaal-politieke groep, Oos-Transvaal en Utrecht, weer by die ZAR aangesluit. Daarmee is die stryd oor die struktuur van die Afrikaner-republiek beëindig. Die 'burger-oorlog' van 1862-1864 was 'n laaste stuiptrekking van die regionaal-politieke verskille wat vanaf 1864 grotendeels van die politieke vlak verdwyn (Van Jaarsveld 1966:57-59). Die stryd om die vryheid en onafhanklikheid van die republiek te handhaaf het stadigaan die verskeidenheid, die gevoel van gelykwaardigheid van almal en die daarmee saamgaande opvattings van 'n oordrewe demokrasie oorwin.

As op die politieke en burgerlike vlak uiteindelik 'n mate van eenstemmigheid en eenheid bereik is, dan is die aanvanklike kerklike eenheid alweer iets van die verlede. Dit toon ook aan dat die kerkvolk en die burgery tog nie volkome gelyk geskakel kan word nie.

In die grondwet van die ZAR is die kerk, soos in die voorafgaande Voortrekkerreëlings, gesien as die keersy van die burgerlike samelewing. As dit gestel word, kom die vraag na vore wie die volk is wat in die grondwet bepaal, reël en besluit. As gelet word op die kwaliteit van die samestellers is dit duidelik dat die volk die gedoopte Godsvolk is, 'n gemeenskap wat in verbondenheid met God en mekaar leef en andersyds is dit 'n burgerlike gemeenskap wat reëlings tref ten opsigte van die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte en die samestelling van die gemeenskap (SA Argiefstukke:440-441). In hierdie volkstaat (Van der Walt 1969:13vv) kom daar iets van die Calvinistiese teokratiese ideaal van 'n Christelike gemenebes na vore waar die volk regeer en bepaalde organe skep om die regering waar te neem (De Graaff s a:194-195 en 238-239).

Dit is merkwaardig dat wanneer die Algemene Kerkvergadering in 1857 'n kerklike orde in die Christelike gemenebes ontwerp, die Algemene Kerkvergadering besluit (SA Argiefstukke:575): 'Geen Gouvernement of wêreldlyke bestuur heeft eenige magt in de Kerk, maar wel om de Kerk; dat is, het gouvernement beschermt de Kerk en bezoldigt hare leeraren, wordende het geheel en al aan de opzieners der Kerk overgelaten de inwendige zaken der Kerk te besturen....'

So is die kerk, hoewel 'staatskerk', nié 'n kerk-van-die-staat nie maar kerk-in-die-gemeenskap ten behoewe van die volk wat die staatsgesag in sy hande hou. In die teokratiese Christelike gemenebes word die kerk omskryf as 'n eiesoortige grootheid wat, omdat dit dan nog die hele burgery omvat, ook deur die burgery ondersteun en in stand gehou sal word.

Die opvatting èn die saamval van die volk-van-God in sy kerklike struktuur met die burgery in sy staatsverband, word in 1859 versteur as ds Dirk Postma 'n kerklike afskeiding lei. Daarmee word die organisatoriese kerklike eenheid in die ZAR vernietig en die gedagte dat die kerk 'n genootskap van gelykgesindes is, onder die republikeinse Afrikaner gevestig. Die werklikheid word in 1865-1866 deur die kerklike afskeiding onder leiding van ds F L Cachet onderstreep. So gebeur dit dat die Calvinistiese kerkbegrip, soos onder andere vertolk deur à Brakel en die ander *oude schrijvers*, op die agtergrond gestoot word deur die genootskaplike kerkbegrip waar die kerk verstaan word as 'n vrywillige vereniging van gelykgesindes.

Dit het beteken dat die enkelvoudige kerklik-godsdienstige kultuur onder die republikeinse Afrikaner iets van die verlede was. Die verskillende kerklike genootskappe het elk 'n eie teologiese aksent, binne die breë Calvinistiese teologie, onder die Afrikaners ingedra. In hierdie situasie het die Nederduitsch Hervormde Kerk nog steeds die getalrykste kerk in die ou republiek gebly.

Die kerklike verdeeldheid het in die periode tot 1877 beteken dat die kerk nie 'n samebindende faktor in die gemeenskap kon wees nie. Daarby was dit ook so dat die gebrek aan sterk politieke leiding meegebring het dat so-iets soos volkseenheid nie werklik in Transvaal bestaan het nie. Selfs die druk van imperiale Engeland en swart onrus kon nie 'n stimulans vir groter eenheid wees nie. Jorissen (1897:21-22) het destyds al daarop gewys 'dat er in 1877 nog geen vaderland voor die Transvalers bestond'. Engelbrecht (1933:240-244) wys daarop dat die twee Nederduitse Gereformeerde predikante, Cachet en Jooste, nogal moeite gedoen het om vanuit die kerklike hoek, onenigheid en tweespalt in die politieke lewe te bevorder. Die kerklike verdeling en die verbintenisse van die kerke in die republiek met kerke en teologiese insigte van buite die republiek het ook bygedra om die verdeeldhede te bevorder.

Die onenigheid en tweespalt in die ZAR het sir Theophilus Shepstone in staat gestel om op 12 April 1877 die republiek te annekseer en tot 'n Engelse kolonie te verklaar, ondanks die Sandrivier-konvensie (Appelgryn 1979:240). Dié gebeure het die volk soos 'n skokgolf getref en onder die leiding van S J P Kruger, M W Pretorius en P J Joubert is daar verset georganiseer en gekanaliseer. Met 'n nuwe samehorigheidsgevoel en vasberadenheid het uiteindelik ongeveer tienduisend gewapende burgers by die groot volksvergadering te Paardekraal van 8-11 Desember 1880 besluit om die onafhanklikheid van die republiek met die wapen te herstel. Dit het gebeur na die suksesvolle veldslae van Bronkhorstspruit, Laingsnek en Majuba (Grobler 1980:103-116). Die anneksasie en die militêre suksesse in die eerste Engelse oorlog van 1880-1881 het 'n nuwe samehorigheidsgevoel, 'n eie nasionale selfbewussyn en 'n sterk patriotiese gevoel onder die Transvalers laat posvat. Die gevoel het selfs na die Afrikaners in die Kaapkolonie uitgekring. Van Jaarsveld (1980:267) beskryf dit soos volg: 'Hierdie vroeë negentiende-eeuse nasionalisme is gekenmerk deur 'n sterk anti-Britse gevoel, die handhawing van 'n eie identiteit, 'n sterk godsdiens-, taal- en historiese sin en 'n toekomsverwagting.'

In hierdie periode was dit veral ds Van Warmelo van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat hom aktief met die nasionale verset vereenselwig het en by verskillende geleenthede het hy by die talle volksbyeenkomste, wat aan die oorlog voorafgegaan het, gepreek (Pont 1955:127-128). Ook die bejaarde ds Van der Hoff het die nasionale saak ondersteun waar dit vir hom moontlik was (Engelbrecht 1953:269-278).

Die groot sukses van die oorlog en die herwinning van die nasionale vryheid is in die volksgemeenskap as 'n bestiering van God beskou. Dit was veral S J P Kruger, wat vanaf 1883 president van die ZAR was, wat dit in verskillende toesprake sterk beklemtoon het. Kruger se standpunt was dat die Transvaalse volk 'n Christelike volk is wat ook deur die optrede van die owerheid binne die bane van die Christelike godsdiens gehou moet word. Daarom was die taal, die Skrif en die godsdiens die grondpilare waarop die bestaan van die volk gebou is (Du Plessis 1952:73).

In 'n volk wat op die basis van die genadeverbond leef (Du Plessis 1952:91), het Kruger die kerk met sy prediking as 'n onmisbare element in die gemeenskap van die volk beskou. Hy stel dit soos volg (Du Plessis 1952:81): 'Hy meen dat, sover hy weet, alle lede [van die Volksraad] lidmate van die kerk in die land is en dat hulle met hom een in die geloof is. Die Christen het die kerk as fondament waarop hy bou; die staat is op die kerk gebou.'

Hier het Kruger andermaal die feit beklemtoon dat, soos in die Christelike gemenebes, die kerk die keersy van die burgerlike bevolking is. Hierdie opvatting wat Kruger waarskynlik by à Brakel geleer het, tipeer die opvattings soos dit by baie

mense geleef het. Maar dit is ook duidelik dat dit nie meer 'n algemeen-aanvaarde standpunt was nie, want die kerklike verdeeldheid en die verskillende teologiese stromings wat daarin verteenwoordig is, het nie meer vanuit dié ideaal van die Christelike gemenebes geleef en gewerk nie.

## 5. DIE PERIODE 1880-1900 IN DIE ZAR

Die nuutgevonde nasionale eenheidsgevoel wat na die Engelse oorlog van 1880-1881 die Transvaalse volk begeester het, het volk en kerk laat dink aan kerklike eenwording (Pretorius 1986:146-150). Dit was veral die 'voormannen des volks' wat die saak sterk bepleit het. Toe die gedagte op kerklike terrein oorgeneem is, het dit gelei tot die gepoogde vereniging van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die verenigingspoging het op 7 Desember 1885 gestalte gekry toe die eerste Algemene Kerkvergadering van die nuwe, verenigde kerk gekonstitueer het. Maar dié eerste vergadering het self die oorsaak geword van die mislukking van die poging tot vereniging.

By die vergadering is gereël dat die selfstandig-bestaande Konsulentsgemeente van Pretoria met die verenigde gemeente Pretoria, moet saamsmelt. Aangesien die Konsulentsgemeente as 'n selfstandige gemeente in die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaan het, het die Algemene Kerkvergadering met hierdie eis 'n fout gemaak. Die Konsulentsgemeente het toe op 13 Februarie 1886 besluit om aan die kerkvereniging te onttrek en as 'n Nederduitsch Hervormde gemeente voort te bestaan (Pretorius 1986:382-429). So is die voortbestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk gewaarborg. Om aan die heropbou van die kerk te werk, is ds M J Goddefroy uit Nederland beroep en op 30 September 1887 is hy in die kerkgebou op Witfontein bevestig as predikant van Pretoria-Middelburg-Trichardtsfontein (Botha 1981:60).

In Februarie 1880 het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos gereorganiseer deur ds M J Goddefroy uit al die lidmate wat nie met die verenigde kerk wou saamgaan nie, in Pretoria byeengekom. Dit was 'n belangrike vergadering wat die koers en rigting van die kerk vorentoe moes bepaal (Pont 1969:211). Dié vergadering het 'n *Broederlijk Schrijven* uitgereik en daarin, onder andere, gestel (Pont 1969:214):

> Onze kerk, de Nederduitsch Hervormde, is de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk, dat de Republiek heeft gesticht...Evenals de Staat wenschten zij de Kerk in te richten, overeenkomstig de heilige verordeningen Gods, maar tevens als waarborg van hare staatkundige onafhankelijkheid...Onze vaderen wilden zichzelven zijn, geen kerkelijke

> invloed van onderdanen van Engelsche bestuur: de mannen die de republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelden zich ook in staat om een eigen kerk in te richten: voor het volk, om het volk, en door het volk.

Interessant is nie alleen die interpretasie wat van die volksverlede in die *Broederlijk Schrijven* gegee word nie, maar ook dat die kerk gesien word as die voortsetting van 'de nationale volkskerk' èn as die bolwerk van die vryheidsideaal van die republikeinse Afrikaner (Pont 1969:213).

Met die reorganisasie van die Nederduitsch Hervormde Kerk het die poging tot kerkvereniging misluk. Uiteindelik na die uitspraak van die Hooggeregshof oor die kerklike eiendomme van die gemeente Trichardtsfontein in 1892, het ongeveer tagtig persent van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk hulle geestelike tuiste wéér in die kerk gevind. Maar dan is die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n minderheidskerk in die geheel van die Transvaalse volk want die groot getalle Afrikaanse immigrante wat na die ZAR gestroom het na die ontdekking van goud op die Witwatersrand, het hulle meestal by die verenigde kerk gevoeg. So is die Kaapse koloniale kerklik-teologiese tradisie in die ZAR ingedra en het die oorspronklike geografies-bepaalde skeiding tussen die noordelike en suidelike Afrikaner deel van die Transvaal geword. Juis dié faktor het verhoed dat Kruger se pogings in 1891 om die kerkvereniging te red, misluk het. Met die mislukking het die poging om in die ZAR 'n Christelike gemenebes te vestig, ook tot 'n einde gekom. Die Kaapse teologies-kerklike tradisie het die ideaal nie meer geken of nagestreef nie en vanweë hulle getalle-oorwig die gedagte doodgesmoor. Daarmee is terselfdertyd die genootskaplike kerkbegrip gevestig. Dit was seker ook te verwagte want die negentiende-eeuse teologie met sy sterk nadruk op die enkeling-mens en sy strewe na heil, moes uiteindelik óók deurwerk in Afrikanergeledere. Dit het egter beteken dat die Calvinistiese kerkbegrip, soos verwoord in die kerklike belydenisskrifte, op die agtergrond gedruk is.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk het die ideaal van die Christelike gemenebes bly voortleef en is die gedoopte Godsvolk, wat in die kerk saamgevat is, ook gesien as draer van die ou Voortrekkerideaal van vryheid in 'n onafhanklike vaderland waar die Afrikaner homself regeer. Vanweë die feit dat hierdie kerk vanaf 1892/1893 tot die uitbreek van die tweede Engelse oorlog in 1899 moes worstel om te reorganiseer en om voldoende predikante te bekom, kon die opvattings nie veel wyer uitkring as in die kerk self nie. Tog was dit interessant dat in die smeltkroes van die verwoestende oorlog van 1899-1902 dit maar 'n baie klein persentasie lidma-

te van die Nederduitsch Hervormde Kerk was wat as hensoppers of joiners die rug op die eie volk gedraai het.

## 6. SLOTOPMERKINGS

As nou teruggegaan word na die omskrywing van 'volk', soos dit in die begin gegee is, dan kan gesê word dat die republikeinse Afrikaner van die Noorde 'n nasaat was van die Voortrekkers wat uit die Kaapkolonie weggetrek het in 'n stadium toe die Afrikaner as volk net ontstaan het. Die gemeenskaplike strewe na vryheid en 'n eie vaderland was onder die Voortrekkers sowel 'n verenigende as 'n verdelende faktor. Daarby het die pioniersbestaan in die leë binnelande van Suidelike Afrika waar betreklik klein groepies mense ver van mekaar gewoon het, die volkswording vertraag.

Die gemeenskaplikhede van godsdiens, taal, kultuur en bloedverwantskap was aanvanklik nie sterk genoeg om die mede-verantwoordelikheid vir mekaar en 'n lojaliteit teenoor die gemeenskaplike vaderland te stimuleer nie. Eers die vuurproef van die anneksasie van 1877 en die daaropvolgende nasionale verset wat uitmond in die oorlog van 1880-1881, het die republikeinse Afrikaner in 'n volkseenheid saamgesnoer in sy strewe na vryheid en 'n eie, onafhanklike vaderland waar sy godsdiens, taal, tradisie en kultuur veilig sou wees.

In die worstel- en wordingsjare het bepaalde Calvinistiese opvattings soos verwoord deur à Brakel en die ander *oude schrijvers*, die gedagtes en opvattings van die Afrikaner help bepaal. Dit was veral ten opsigte van die ideaal van die Christelike gemenebes waarin die gedoopte Godsvolk as kerk die keersy van die burgerlike bevolking is. Die gedagtes wat in die volk geleef het, het in die grondwet van die ZAR sy neerslag gevind. Die grondwet van die ZAR toon juis hoe die kerklike prediking die denke en opvattings van die lidmate so gevorm het dat dit selfs hulle staatkundig-politieke denke beïnvloed het.

Vir die Hervormde volksdeel in die ZAR was die begrippe 'kerk' en 'volk' byna tot aan die einde van die eeu, so-iets soos 'n vanselfsprekende twee-eenheid. Die kerk was volkskerk, die gedoopte Godsvolk, maar terselfdertyd het dit ook die burgerlike volk omvat. Eers met die rusie en stryd op die kerklike erf in die jare 1885-1892 is hierdie gedagte werklik geknou. Tog hou die Nederduitsch Hervormde Kerk nog vas aan die Calvinistiese teokratiese ideaal en omskryf die kerk as 'voor het volk', 'om het volk' en 'door het volk'.

Die opvattings van die negentiende-eeuse demokrasie met sy sekulêre staat waar die kerk as 'n genootskap funksioneer, het nie werklik onder die republikeinse Afrikaner geleef nie en daarom het die Kerkwet van 1857 geen verskil aan die volkskerklike karakter van die Nederduitsch Hervormde Kerk gemaak nie.

In die ZAR het die Afrikanervolk aanvanklik geleef as 'n volwaardige Christelike volk want die sentrum van die volkwees van die volk is bepaal deur sy verbondenheid aan die ewige God. Dit het ook die horisontale verhoudings bepaal; vandaar dat die republikeinse Afrikaners die oorlog wat Engeland in 1899 op die ZAR afgedwing het, tegemoetgetree het met die stellige verwagting dat God reg en geregtigheid, soos hulle dit verstaan het, sou laat seëvier teen die oormag van imperiale Engeland.

Hierdie opvattings is egter wreed versteur deur hierdie oorlog (1899-1902). Na die oorlog is die Afrikaners in Transvaal gekonfronteer met 'n nuwe wêreld waar die Engelse demokrasie die staatkundige struktuur bepaal het en die sekulêre Engelse liberalisme die mensopvatting en wêreldbeskouing van die openbare lewe bepaal het (Pont 1991:18-31). Dan verander die opvatting oor kerk en volk ook en kom dit weer in ooreenstemming met die opvattings van die Afrikanervolk wat in ander dele van Suidelike Afrika geleef en gewerk het.

Iets van daardie denke word, interessant genoeg, vandag nog weerspieël in die kerklike ordening van die Nederduitsch Hervormde Kerk wanneer in *artikel IX* van die Kerwet gestel word dat die kerk sy apostoliese opdrag uitvoer, onder andere deur 'die voortdurende evangelisering en hervorming van die volkslewe'. Hiermee bly die kerk op die spoor van die kerkvader Calvyn wat 'n uitnemende bolwerk was teen die negentiende-eeuse opvatting dat die kerk noodwendig 'n genootskap van gelykgesindes moet wees wat so resoluut as moontlik die antitese met 'die wêreld' moet handhaaf. Dit bly 'n vraag of die Nederduitsch Hervormde Kerk se volkskerkopvatting nie óók die rede was waarom die sogenaamde ekumeniese teologie met sy konglomeraat van genitiefteologieë geen werklike staanplek binne die kerk kon vind nie. Die volkskerkopvatting wat berus op die Bybelse leer van die verbond waarmee God die mens aan Hom bind, is een van die Reformatoriese beklemtonings wat van blywende waarde geblyk het; dit ook omdat daarmee die subjektiewe teologieë van die na-Reformatoriese tyd geen staanplek gegun word nie.

In die denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot 1900 is dit egter ook duidelik dat die begrippe 'kerk' en 'volk' nie baie presies omskryf is nie. Daarby is die onderlinge verhouding tussen die verskillende Kerkgenootskappe en die verhouding 'volk-van-God' en 'die volkere', ook nie in besonder deurdink nie. Ook is die draagwydte van die begrippe 'volk-van-God', 'verbondsvolk' en 'kerk' nie baie presies geformuleer nie. Eers in die periode ná die Engelse oorlog van 1899-1902 sou hieraan aandag gegee word. Dit het ook beteken dat nie alles wat in die periode voor die oorlog gesê en aanvaar is, in die veranderde situasie voortgeleef het nie.

Met hierdie terreinverkenning is slegs 'n paar groot lyne getrek om die verhouding van kerk en volk in die denke van die Transvaalse Afrikanervolk tot 1900 aan te dui. Uitgebreide navorsing sal egter nodig wees om dit verder te presiseer.

Literatuurverwysings

Appelgryn, M S 1979. *Thomas Francois Burgers: Staatspresident 1872-1877*. Pretoria: HAUM.

Avis, P D L 1981. *The church in the history of the reformers*. London: Marshall, Morgan & Scott.

Botha, S J 1981. *Ds Marie Joseph Goddefroy, 1848-1920: Sy lewe en betekenis*. Pretoria: HAUM.

Beyers, C 1969. *Die Kaapse patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde*. Pretoria: Van Schaik.

Coertze, P J 1982. *Die Afrikanervolk en die kleurlinge*. Pretoria: HAUM.

De Graaff, F s a. *Anno domini 1000, anno domini 2000*. Kampen: Kok.

De Visser, J Th 1926. *Kerk en staat, deel 2*. Leiden: A W Sijthoff's.

Du Plessis, J A 1952. *President Kruger aan die woord*. Bloemfontein: Sacum.

Engelbrecht, S P 1933. *Thomas Francois Burgers: 'n Lewenskets*. Pretoria: de Bussy.

--- 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria: De Bussy.

Gennrich, P W 1972. *Gott und die Völker*. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.

Grobler, J E H 1980. Paardekraal: Eensydige herstel van onafhanklikheid in Van Jaarsveld, F A, Van Rensburg, A P J & Stals, W A (reds), *Die Eerste Vryheidsoorlog*. Pretoria: HAUM.

Luther, M 1883vv. WA = *Kritische Gesamtausgabe*. (Weimarer Ausgabe.)

Muller, R A 1987. *Post-reformation reformed dogmatics*. Grand Rapids: Baker Book House.

Murray, A H 1947. Die Afrikaner se wysgerige denke in Van den Heever, C M & Pienaar, P de V (reds), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Pelzer, A N 1950. *Wordingsjare*. Kaapstad: Balkema.

Pont, A D 1955. *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1802*. Utrecht: Kemink & Zoon N V.

--- 1969. Kerk en volk. 'n Bespreking na aanleiding van die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1888. *HTS* 25/3 & 4, 202-218.

--- 1978. Die Herderlijken Brief van die sinode van 1837. *HTS* 34/4, 91-105.

--- 1986. Verbond en volkskerk. *HTS* 42, 28-76.

Pont, A D 1989. Die Groot Trek en die kerk. *HTS* 45, 655-670.

--- 1991. Die kerk in die tyd van die rebellie en die Eerste Wêreldoorlog, in Dreyer, P S (red), *Almanak en Bybelse dagboek*. Pretoria: Gutenberg.

Potgieter, C & Theunissen, N H 1938. *Hendrik Potgieter*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Pretorius, H S, Kruger, D W en Beyers, C (reds) 1937. *Voortrekker-argiefstukke 1829-1842*. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Pretorius, S P 1986. Die kerkvereniging van 1885. Sy aanloop en mislukking. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Scheell, O 1934. *Evangelium, Kirche und Volk bei Luther*. Leipzig.

Scholl, H 1976. *Reformation und Politik*. Stuttgart: Kohlhammer.

Storm, J M G 1989. *Die Voortrekkerkerk 1836-1853*. Pretoria: KITAL.

SA Argiefstukke. Transvaal No 3 s a. Kaapstad: Die Staatsdrukker.

Van der Walt, N G S 1969. *Die republikeinse strewe*. Potchefstroom: Pro Rege pers.

Van Jaarsveld, F A 1966. Die stryd om die vestiging van die republikeinse onafhanklikheid 1836-1854 in Van Jaarsveld, F A & Scholtz, G D (reds), *Die republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en toekoms*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

--- 1961. *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*. Kaapstad: Nasou Bpk.

--- 1980. Die onafhanklikheidstryd en die ontstaan van Afrikanernasionalisme in Van Jaarsveld, F A, Van Rensburg A P J & Stals, W A (reds), *Die eerste vryheidsoorlog*. Pretoria: HAUM.